NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK
DUTCH REFORMED CHURCH

Posbus/PO Box 13528
HATFIELD 0028 SA
Tel +27 (0)12 342 0092 Fax +27 (0)12 342 0380
algemenesinode@ngkerk.org.za www.ngkerk.org.za

DATUM: 2012-08-22

ONDERWERP: Huwelike Buitelanders en Weduwees/Wewenaars/Geskeides

AAN: Alle Eksterne Kerklike Huweliksbevestigers

BELANGRIK!

In ons jongste samesprekings en onderhandelinge met die Departement van Binnelandse Sake (DBS) in Pretoria op 25 Julie 2012 is daar met die Departement ooreengekom om die volgende inligting/reëlings in verband met die bevestiging van huwelike deur eksterne huweliksbevestigers te kommunikeer.

Hierdie vergadering is ook gekenmerk deur 'n herbesoek aan die beginsels waarvolgens eksterne huweliksbevestigers (soos kerklike huweliksbevestigers) deur die Departement (staat) aangestel word (of amptelik bemagtig word) om huwelike in terme van Wet 25 van 1961 te bevestig. In ons nadenke hieroor moet daarop gelet word dat

1. Ons nou 'n nuwe fase betree het. Die verhouding tussen staat en kerk word met die aanvang van ons nuwe grondwetlike bedeling ook herbesoek in terme van hierdie funksie wat die kerk verrig.

2. Die huwelikswet heelwat amendemente beleef het, met ander woorde: daar is in die afgelope aantal jare heelwat wysigings aan die wet aangebring om dit in terme van twee ander wette, naamlik die Wet op Tradisionele Verbintenisse (*Customary Marriages Act 120 of 1998*) en die op Burgerlike Verbintenisse (*Civil Union Act 17 of 2006*) met mekaar te sinchroniseer. Terloops, maar **NB**: Ons as predikante van die NG Kerk is geregistreer as huweliksbevestigers in terme van die Huwelikswet van 1961 (No 25) alleen. Nie een van ons kan daarom Burgerlike Verbintenisse of Gewoontehuwelike voltrek nie.

3. Die term "eksterne huweliksbevestigers" in onderskeiding van "interne huweliksbevestigers" nou 'n belangrike punt van kommunikasie is: Die DBS het heelwat meer amptenare in plaaslike kantore aangestel en bemagtig as interne huweliksbevestigers. Maw, die term "om voor die landdros te trou" is eintlik nog slegs 'n tegniese aanduiding. Landdroste (of soos hulle nou genoem word, *Voorsittende*

Beamptes) bevestig selde self huwelike, maar hierdie reg word na amptenare van die hof/Binnelandse Sake "afgewentel" wat op 'n daaglikse basis, soos deur die plaaslike kantoor van DBS gereël, huwelike bevestig.

4. Kerklike huweliksbevestigers, nou as **eksterne** huweliksbevestigers beskou, deur hulle kerk/denominasie aanbeveel word vir registrasie – om hulle in staat te stel om, as deel van hulle ampspligte, hulle lidmate in 'n verbintenis te bevestig wat eweneens deur die staat erken word.

5. Die veronderstelling by punt 4 hierbo is dat kerklike huweliksbevestigers slegs regsgeldige verbintenisse sal fasiliteer waar **EEN** of **ALBEI** van die partye wel lidmate van die eksterne huweliksbevestiger se eie kerklike denominasie is deur wie hy/sy vir registrasie aanbeveel is. Die registrasie as kerklike huweliksbevestigers deur die staat moet dus as 'n vergunning gesien word vir predikante/pastore/priesters om hulle EIE lidmate meer omvattend te bedien wat alle aspekte van die lewe betref. Natuurlik help hulle hierin ook die staat om druk op huweliksbevestiging van SA Burgers vir die staat te verlig.

6. Bogenoemde beteken alles saam dat dit vanselfsprekend is dat slegs diegene met predikantsbevoegdheid as huweliksbevestigers geregistreer kan wees. Indien 'n predikant dus sy/haar bevoegdheid as predikant verloor (om watter rede ook al), gaan die Algemene Bevoegdheidsraad (ABR) in die toekoms ook die DBS in kennis te stel van die betrokke huweliksbevestiger se deregistrasie. In so 'n geval **moet alle dokumente** (register ensovoorts) aan die DBS terugbesorg word.

Vanuit bogenoemde vertrekpunte is dit belangrik om nou te let op die volgende reëlings vir die bevestiging van huwelike wat deur kerklike huweliksbevestigers nagekom moet word:

1. **BUITELANDERS**: Eksterne (kerklike) Huweliksbevestigers word voortaan versoek om **NIE** meer 'n huwelik te bevestig waar een, of albei van die persone/partye nie oor Suid-Afrikaanse burgerskap (ID) beskik nie.

   Die rede hieroor is sodat die staat bo alle twyfel kan vasstel dat die buitelander wél trouwaardig is (byvoorbeeld, nie steeds getroud is nie) en die verkryging van hierdie inligting deur middel van ambassades en staats-instellings van ander lande nie na wense funksioneer nie. Daar moet ook (deur die staat) vasgestel word of die nie-Suid-Afrikaner wettig in die land is, oor die nodige werkspermit/visum beskik, ensovoorts.

   Daar kan nie meer op die eerlikheid van individue deur middel van beëdigde verklarings staatgemaak word nie. Dit is alles maatreëls wat noodsaaklik is om korrupsie en vervalsings aan bande te lê – ook die onregmatige verwerwing van domisilie en burgerskap in Suid-Afrika deur buitelanders deur middel van 'n gerieflikheidshuwelik wat aangegaan word. Laasgenoemde is tans 'n ernstige probleem met die invloei van duisende burgers van ander Afrika-lande na Suid-Afrika.

2. **WEDUWEES/WEWENAARS/GESKEIDES:** Dit is **BAIE** belangrik om vas te stel of die persone wat in die huwelik bevestig gaan word, wél trou-waardig is. Terwyl daar nou van die veronderstelling uitgegaan word dat beide partye Suid-Afrikaanse burgerskap het, rus die **onus op die huweliksbevestiger** om seker te maak dat hy/sy nie iemand in die huwelik bevestig wie se amptelike status nog steeds dié van 'n getroude persoon is nie.

   Daar is maklike maniere om iemand se huwelikstatus na te gaan. Dit kan by www.dha.gov.za/marital_status.asp gedoen word deur middel van ’n ID-nommer. So nie, stuur ’n SMS met “M + ID-nommer van bruid/bruidegom” na 32551. Dit is ‘n vinnige en doeltreffende diens en ‘n antwoord word binne sekondes verkry.

   In alle gevalle moet skriftelike bewys nagegaan word (egskeidingsbevel; doodsertifikaat) en fotostate daarvan moet saam met die huweliksregister-vorms aan die DBS oorhandig word. Indien dit egter sou blyk (of deur die elektroniese navraag, of by gebrek aan dokumentasie) dat die amptelike status van iemand steeds as “getroud” aangedui word, moet die registrasie van die dood van die eggenoot of eggenote, of die registrasie van egskeiding **eers** by die DBS gedoen word, alvorens met die voltrekking van die huwelik voortgegaan word.

   Dit is om hierdie rede dat voornemende huwelikspare vroegtydig vir hierdie prosedures sal aanmeld vir die voltrekking van hulle huwelik. Dikwels lê die fout by die kommunikasie tussen die Departement van Justisie en die DBS. Die voornemende paartjie moet daarom by hulle naaste DBS-kantoor gaan aanklop om hulp in hierdie verband.

3. **HUWELIKE IN DIE BUITELAND:** Indien 'n kerklike huweliksbevestiger gevra word om 'n huwelik in die buiteland te voltrek, is daar die volgende moontlikhede:

   a. Waar albei partye Suid-Afrikaanse burgers is, kan hulle na die SA-Ambassade gaan waar daar iemand sal wees wat hulle huwelik as Suid-Afrikaners amptelik kan bevestig. Die predikant kan dan volgens eie oortuiging en kerklike reëlings steeds 'n kerklike huwelikseremonie hou soos deur die huwelikspaar versoek, uiteraard dan, sonder om die huwelik amptelik te laat registreer.

   b. Die huweliksbevestiger kan om spesiale bemagtiging aansoek doen by die DBS vir ’n eenmalige permit om 'n huwelik van Suid-Afrikaners in die buiteland te bevestig. Hierdie aansoek kan nie by die plaaslike kantoor gedoen word nie, slegs die DBS-hoofkantoor in Pretoria is by magte om hiermee te help. Dit skakel dan wel die noodsaaklikheid van die betrokkenheid van die SA-Ambassade uit – en sou veral kon werk waar daar in die ander land nie 'n ambassade is nie.

   c. Die huwelik kan eers amptelik binne Suid-Afrika voltrek word met nakoming van al die voorwaardes, terwyl daar dan daarna 'n addisionele kerklike seremonie in die

verlangde plek in die buiteland gehou kan word. Sulke kerklike seremonies berus uit-en-uit by die kerk in terme van interne reëls daaroor.

d. Waar een, of albei van die partye, nie Suid-Afrikaanse burgers is nie, moet hulle eers hulle huwelik laat voltrek in terme van die land waarin hulle hul bevind, voordat die SA-huweliksbevestiger 'n eie (kerklike) huwelikseremonie soos aangevra, hou. (Uiteraard, sonder om die huwelik ook/weer amptelik te registreer).

In alle gevalle geld die reëling oor persone wat nie oor 'n SA-identiteitsdokument beskik nie soos in punt 1 hierbo beskryf, ongeag waar die huwelik mag plaasvind.

Dankie vir almal se samewerking in hierdie verband.

Vriendelike groete.



Dr Ben du Toit
Publieke Getuienis



Dr Kobus Gerber
Algemene Sekretaris